

Groiegroepe – Riglyne: Week van Sondag 15 November 2020

“#Nuuteindig – In die holte van God se hand!”

Hierdie is die **laaste groeigroep** van die jaar! **Baie dankie** vir dit wat julle in die groepe gedoen het die afgelope jaar onder moeilike omstandighede. Ons loof en dank die Here daarvoor.

Ek gee ook die **nuwe jaar en kwartaaltemas** vir julle deur om julle 'n voorskou te gee van volgende jaar. Verder gee ek ook die terugvoer van 'n intensiewe **konsultasieproses** oor die fokus vir 'n post-Covid bediening. **Onthou:** Donderdag (19 Nov) is **Deurloopnagmaal** (15:30-20:30) en Sondag (22 Nov) is ons **Dankdiens en Familiefees** en Sondag (29 Nov) is ons opelug **Kerssangdiens!** (Nooi gerus mense daarvoor...)

1. WELKOM / (GASVRYHEID) 25 min

YSBREKER (10 min se kuier ingesluit)

1. Deel met mekaar wat die Here deur die **groeigroep** en **geloofs familie** vir julle beteken het juis met die inperking en die pandemie.
2. Deel met mekaar **hoogtepunte en/of laagtepunte** van 2020?

2. LOF / DANKSEGGING 10 min

1. **Loof en dank Here** in kort gebede vir sy hulp en ondersteuning deur die geloofsgemeenskap die afgelope jaar. (Julle kan selfs een-sin-gebede gebruik om almal geleentheid te gee.)

3. WOORD / WORD 35min

1. Hier is die **jaartema en kwartaaltemas** vir 2021:

Jaartema: #nuweasem² #”reset”

Kwartaaltemas: 1. #oopenliefdevol (saam na Covid) 2. #volgJesus
3. #saamnooi 4. #feesvier

Dit gaan oor ‘n vars nuwe begin saam met Jesus en mekaar onder leiding van die Heilige Gees: om in pas met die lewende God te leef!

Gasvryheidskultuur: liefde vir die vreemdeling (filoxenia) vs vrees vir die vreemdeling (xenofobia): ons wil nuwe mense of besoekers nie net akkommodeer nie, ons wil hulle met liefde en gasvryheid help om tuis te kom in die gemeente.

Intensionele uitnooikultuur: ons wil 'n uitnooikultuur vestig waar ons mense met wie ons verhoudinge bou, intensioneel nooi om saam met ons vir Jesus te volg. Volgens navorsing is 82% van Erediensbywoners bereid om iemand te nooi. Ons wil dit aktief doen.

Deel met mekaar hoe bogenoemde met julle resoneer...

2. Die **volgende fokusse** het navore gekom na 'n intensiewe konsultasieproses en is ons fokus vir 'n post-Covid-bediening: (Deel julle mening daarvoor...)
 - Versorging van lidmate: helende gemeenskap
 - Hernude fokkus op die gemeente se visie/roeping: nuwe vars fokus om Jesus te volg: hoe kan ons Jesus vars volg en nuwe energie/asem in blaas in alle bedieninge
 - Geïntegreerde gemeente + familie waar almal (alle generasies) tuis is: oop en liefdevol
 - Uitnoui-kultuur: vestig 'n intensionele en aktiewe uitnoui-kultuur

- Nooi mense om Jesus saam te volg
- Effektiewe kommunikasie
- Betrokkenheid van lidmate (diens met gawes)
- Maak 'n verskil in die gemeenskap en wêreld in nood
- Vorming van nuwe groeigroepe + veral groepe vir jong volwassenes + jonger generasie
- Gesondheid van Groepe (besoek van groepe): hoe gaan dit regtig met die groepe?

3. **Luister na die Woord:** Lees **Jesaja 41:8-16** (laat mense dit 'n 2^{de} keer stil lees en daaroor nadenk) (Skakel na die Direkte Vertaling as julle dit wil gebruik: <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/images/stories/docs/Jesaja.pdf>) (Die volk is in ballingskap en baie broos en hoor dan hierdie pragtige woorde).

4. Hoe kan hierdie gedeelte vir ons help in ons brose situasie van die pandemie om te **volhard en nuut te eindig** (#nuuteindig)?
5. Wat hoor ons van die **sekuriteit van God se liefde** in 'n baie onseker tyd? (Let op hoeveel keer die woorde "Ek" voorkom... - ongeveer 25x in die hoofstuk.)
6. Hoe het jy die afgelope jaar **God se teenwoordigheid en betrokkenheid** ervaar? Deel dit met mekaar.
7. **Hoe voel God oor jou/ons?** Wat leef in Sy hart oor jou? Waar was God in hierdie jaar wanneer jy Hom nodig gehad het?

Let op hoe die **Immanuel-boodskap** van die Bybel (God-met-ons) in hierdie gedeelte navore kom. Ons beleving van God se teenwoordig of afwesigheid bepaal nie sy teenwoordigheid nie!

8. Hoe het jy die **Here se hulp, beskerming en versorging** beleef in hierdie tyd?
9. Hoe kan jy vanuit die **werklikheid dat jy in die holte van God se hand is**, leef in hierdie feesseisoen wat voorlê? Hoe kan jy met 'n **bewustheid van God se teenwoordigheid** leef?

4. WERKE / WORKS

15 min

1. Deel met mekaar hoe julle hierdie jaar se **Kerstyd gaan deurbring?**

2. **Dank die Here:**

- Dat Hy ons vashou en in die holte van sy hand hou in die moeilike tyd.
- Dat Hy ons liefhet en by ons is ten spyte van alles.
- Vir wat medegelowiges vir mekaar beteken het.

3. **Bid vir die volgende.**

- Dat ons vanuit die sekuriteit van God se liefde sal leef in hierdie tyd
- Dat ons sal beleef dat God ons vashou en vir ons sorg...
- Dat ons die Immanuel-boodskap dat God by ons is, as 'n werklikheid sal beleef.
- Dat ons goed sal rus tydens die vakansietyd.
- Vir die gemeente se versorging in hierdie brose tyd.
- Vir die matrieks wat eksamen skryf
- Vir herstel/genesing in ons land en gemeenskap.